

Publication: Beeld(Uitgawe2) (Sport)
Publication Date: 09 May 2018
Page: 23

AVE: 25897.08
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

NETBALLIGA

# ‘Speel vir trots, nié vir geld’

## Dalk net skouerklop vir sterre

Marizanne Kok

Vergeet van geld… speel vir die trots van jou provinsie.

Dit was gister Cecilia Molokwane, die president van Netbal Suid-Afrika (NSA), se boodskap aan die 150 vroue wat van hierdie naweek af aan die Brutal Fruit-netballiga gaan deelneem.

En dis 'n drasties verskillende boodskap as waaraan hierdie vroue oor die jare gewoond geraak het.

Die Brutal Fruit-liga vind van Vrydag af vir die vyfde keer plaas. NSA het dit in vorige jare trots bemark as 'n semiberoepsliga, waarin tjeks oorhandig is saam met Speler van die Wedstryd-pryse en die kampioenspan 'n paar rand saam met die trofee ontvang het.

Verlede jaar is die wenner, die Noord-Gauteng Jaguars, selfs met speelkans in 'n internasionale klubkompetisie in Nieu-Seeland beloon.

Of daar vanjaar meer as 'n klop op die skouer vir die sterre van die kompetisie sal wees, is egter nou 'n ope vraag. Molokwane sê daar is “iets aan die kom” rakende belonings en vergoeding vir spelers, maar kon – drie dae voor die aanvang van die liga – nie meer spesifiek wees nie.

“Ons sal wel later 'n aankondiging maak, maar wat help dit ek gee nou vir julle 'n bedrag en dan betaal ons later iets anders. Dit gaan ons op 'n slegte plek plaas,” sê sy.

“Kom ons speel vir nou vir die trots van ons provinsies. Kom ons speel om in die Presidente-twaalftal te wees wat oor ses weke (aan die einde van die kompetisie) gekies word. Die spelers moet netbal speel vir die liefde van die sport.”

Molokwane is ook gevra oor die vordering ten opsigte van Suid-Afrika se bod om die Wêreldbeker-toernooi van 2023 aan te bied.

NSA se tyd om die bod in te dien raak min, aangesien hulle



Cecilia Molokwane

aan die einde van Junie finansiële waarborge aan die Internasionale Netbalfederasie moet verskaf, maar nog nie die jawoord by die minister van sport, Tokozile Xasa, gekry het nie.

“Ons wag steeds vir antwoorde van die departement (van sport) en van Saskok, maar ons is steeds op koers,” sê Molokwane. “Ons is op koers totdat ons aankondig ons is nie op koers nie.”

Saskok se president, Gideon Sam, wat ook die bekendstelling van die reeks bygewoon het, het dit duidelik gestel dat die Olimpiese liggaam bankvas agter die WB-bod staan.

Na verneem word is die netbalwêreld ook gretig om vir die eerste keer tot dusver in 'n Wêreldbeker-toernooi in Suid-Afrika te kom speel.

■ Die Brutal Fruit-liga sal vanjaar net op die Hoëveld plaasvind, met die eerste twee naweke by die Ellispark-arena in Johannesburg en die laaste vier in Tuks se Rembrandt-saal in Pretoria.

Tien spanne van oor die land heen sal in aksie wees. Gauteng het twee spanne (die Jaguars en Fireballs) en elke ander provinsie een.

Kaartjies sal hierdie naweek R20 vir volwassenes en R10 vir kinders kos.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.